# KRONIEK

## 'N NUWE HAND AAN DIE STUUR

Dat die PU vir CHO 'n nuwe rektor het, is algemene kennis, selfs meer algemeen as wat 'n mens jou kan voorstel wanneer jy jou in 'n tradisionele Potchefstroomse gevoel van ingeslotenheid buite rondbeweeg. Wanneer 'n Suid-Amerikaanse geleerde wat klip-harde tegnies-natuurwetenskaplike werk doen aan een van ons Suid-Afrikaanse buur-universiteite, agter sy ingewikkelde apparaat met knoppies en draadjies en wysertjies jou in sy vreemde Engels sit en inlig oor wat hy alles weet van hierdie man, nie net wat sy persoon betref nie, maar veral ook wat betref die „ligging" van sy standpunt in die huidige ontwikkelende bestel in Suid-Afrika, dan besef jy werklik dat daar 'n baie wye belangstelling in hom is.

Op die keper beskou is dit egter ook weer nie so vreemd nie. Die rigting waarin die universiteit as instelling in die afgelope tyd beweeg het, naamlik as instelling wat diens lewer aan die gemeenskap, noodsaak dit dat die universiteit uit die „ivoortoring van die wetenskap" beweeg na 'n belangstelling in die problematiek van die gemeenskap waarin hy staan. Daarom moet 'n rektor ook iemand wees wat hiervoor 'n oop oog het. Om 'n waardige belangstelling na buite te hê, verg van 'n rektor dat hy 'n gebalanseerde en beginselvaste mens moet wees, iemand met ervaring, wat weet hoe om sy pad te vind in die verskillende gemeenskapsektore waarin hy noodwendig moet beweeg. Sekerlik sou van prof. Tjaart van der Walt, soos van al die vorige rektore van hierdie Universiteit gesê kan word, dat hy op uitnemende en positiewe wyse hieraan beantwoord. Van hóm is dit geen geheim nie, dat hy op verskillende vlakke, en deur verskillende media, moeite doen om sy intense belangstelling in die problematiek

van Suid-Afrika te toon, en dat hy hom steeds op die Woord van God beroep as uitgangspunt vir sy denke en doen.

'n Mens sou 'n rektor miskien graag wil beskryf as generaal van die universiteitsleër, met swaard en helm byderhand; of as kaptein van die universiteitskip, met kompas, teleskoop – en periskoop?; of as skaapwagter, met staf en slingervel. Eén beeld is waarlik nie genoeg om die verskeidenheid van funksies en verwagtinge te beskryf nie. Eintlik is één mens ook nie genoeg vir die pos nie. Die Raad van die Universiteit doen daarom goed om te beplan vir 'n mate van struktuurverandering, waardeur daar verligting vir die rektor kom wat sekere van sy huidige verpligtinge betref.

Die taak van 'n rektor bestryk 'n hele aantal fasette van die universiteitslewe, wat elkeen sy eiesoortige eise stel. Die eise moet in die moderne tyd natuurlik op 'n moderne manier aangepak word. In feite verskil die huidige rektorsamp egter maar matig van dié van die middeleeuse universiteit. Toe het die rektor, wat altyd die verteenwoordiger van die fakulteit Lettere was, hoofsaaklik administratiewe en juridiese verpligtinge gehad. As die leier van die grootste fakulteit was dit sy plig om die standpunte van die verskillende fakulteite soos meegedeel deur hulle dekane, objektief saam te vat en as besluit te formuleer. Dit het aan hom 'n taamlik formele taak gegee, wat tog daarmee saamgehang het dat hy die hoof was van die grootste fakulteit, want die kursus van die fakulteit Lettere was 'n noodsaaklike voorvereiste vir die studente voordat hulle tot een van die ander fakulteite toegelaat kon word.

Dit was dan egter ook dié dae toe rektor en dekaan en elke dosent in die middeleeuse situasie met die middeleeuse student te make gehad het. J.R. Pauw sê in sy boek *Die Westerse universiteit* die volgende oor die voorskrifte in verband met die dosent se klasmetodiek: „Dit is enigsins amusant om te sien hoedat daar selfs pogings aangewend is om dosente se styl en die klasprosedure onder regulasie te plaas. In die dertiende eeu is 'n

reeks regulasies te Parys uitgevaardig wat onder andere bepaal het dat die leermeester „ex tempore" moes lees en nie dikteer nie. Selfs die tempo is voorgeskryf. Die dosent moes nie langsaam (tractim) nie maar vinnig (raptim) sy voorlesing hou, dit wil sê hy moes die woorde „so snel voortbring asof niemand voor hom gesit en skryf het nie". Studente wat teen 'n te snelle voortgang beswaar gemaak het deur te skree, te sis, of te kreun of met klippe te gooi of deur hulle bediendes klippe te laat gooi, is aan sekere strawwe onderwerp! 'n Dosent wat die regulasie verbreek het, kon vir 'n jaar geskors word. Voorts is bepaal dat jong studente in die „artes"-fakulteit nie op banke nie, maar op die vloer moes sit om te verhoed dat hulle te hoogmoedig sou word". Pauw voeg daaraan toe: „Dit is te betwyfel of (die regulasies) ooit regtig streng toegepas is".

Die situasie van die twintigste eeu is wel anders as dié van die dertiende. Tog is die student een komponent van die universiteit waarmee enige rektor deeglik te make het, en waarmee hy ook ernstig rekening moet hou. In die huidige bestel aan die PU vir CHO word deur studenteleiers gepraat van 'n krisissituasie waarin die studente verkeer, waarin leierskap en leierskapsvorming dringend nodig is. Toekenning van gebalanseerde mede-verantwoordelikheid aan studente is 'n verdere aspek wat seker aandag verdien. Van die hele moderne studenteproblematiek is hierdie maar enkele rotspunte van die Scylla en Charybdes waartussen die rektor sy skip moet vaar. Uit prof. Tjaart se agtergrond as klassikus (om ten minste die Scylla en Charybdes te peil), as uitmuntende redenaar, en met sy jeugdig-frisse aanpak en moderne inkleding is hy op hierdie see, dink ek, ervare genoeg om 'n veilige deurtog aan te pak.

By die ander komponent van die universiteit, naamlik die doserende personeel, waar navorsing, wetenskapsvorming en didaktiek deurslaggewend is, kan prof. Tjaart seker met groot gesag optree, soos dit van 'n rektor verwag word, as „die eerste onder gelykes" waar hy „leiding gee aan die akademiese personeel"

(Pauw). Sy aansien as teoloog, besonderlik as Nuwe Testamentikus, is nasionaal en internasionaal baie hoog aangeskryf. 'n Helder en vlugge verstand en 'n verbasende vermoë om gegewens te assimileer, te verwerk en te integreer, en dan op sistematiese wyse weer te gee, is hiervoor verantwoordelik.

Die rektor is hoof van die universiteitsadministrasie, waar hy „die plek van bestuurder inneem en verantwoordelik is, soos die bestuurder van enige groot handelsaak, vir die gladde verloop van die administrasie van die universiteit" (Pauw). Die akademiese en intellektuele kwaliteite van ons huidige rektor maak ook van hom 'n uitmuntende administrateur, iets wat hy duidelik bewys het toe hy enkele jare gelede rektor was van die Teologiese Skool, en daar gesorg het vir die gladde verloop van sake, nie net omdat hy goed kon organiseer nie, maar veral ook omdat hy kon vooruitsien en vooruit-organiseer.

'n Ander aspek van die status van 'n rektor, wat nie so maklik in handboeke gevind kan word nie, kom by prof. Tjaart uitnemend na vore. By hom is dit ook weer die voortsetting van 'n duidelike rektorale tradisie. Dit is naamlik dat elke universiteit, en met name ook die PU vir CHO, as inrigting sy eie unieke plek beklee en beliggaming is van 'n bepaalde idee wat 'n kenmerkende cachet plaas op sy hele bestaan en al sy werksaamhede. Die naam „Potchefstroom" beteken iets wat anders is as enige ander universiteit. Sommige mense sou nie soveel daarvan hou nie, en ander sal dit weer vertroetel as 'n kosbare skat.

Van hierdie andersheid, hierdie „idee" is die rektor in 'n groot mate die verpersoonliking. Dis nie maklik om presies te formuleer wat 'n universiteit se onderskeidende identiteit is nie. As jy prof. Tjaart sou vra waarvóór hy as rektor van die PU vir CHO in besonder staan, sou hy, dink ek, antwoord: dat elke faset van die werk van hierdie universiteit, na binne en na buite, akademies en sosiaal, krities en integrerend, gegrond moet wees in die Heilige Skrif, en gedra moet word deur die geloof in die Drie-enige God.

„Vivat, crescat, floreat academia nostra", soos in die verlede, so ook die toekoms in, gedra deur God se genade, in die sorg van bekwame hande wat Hy voorsien.

*E.J.S.*

**Onderskrif**

Vir *Koers* is die rektor van die PU vir CHO 'n veel gewaardeerde gasheer en as sodanig 'n besondere vennoot in die dienslewering aan Christelike wetenskaplikes as gemeenskapsektor met 'n eie stempel en roeping. *Koers* sien met vertroue uit na 'n lang en vrugbare vennootskap in belang van die Christelike wetenskap, nie net in die eng Suid-Afrikaanse situasie nie maar ook in 'n breër Afrikakonteks, in die rigting waarvan met hierdie nommer 'n eerste maar belangrike tree gegee word.

*Red.*